## 5 Mei Psalm 73

### *Daar is één sekerheid in lyding*

By al die onsekerhede wat lyding in 'n mens losmaak, is daar één sekerheid waaroor die kind van God nooit hoef te twyfel nie. Dit word so treffend geformuleer in die berymde Ps. 73: *"Gods weg kan nooit so donker wees nie, dat Hy nie sorg vir wie Hom vrees nie."* As jy in 'n krisis van verandering of in lyding inbeweeg, sê hierdie woorde vir jouself oor en oor.

Dit is 'n heerlike en onwrikbare sekerheid, dat al weet ons dat ons in ons beproewinge nie volmaak is in ons vertroue in God nie, ons tog seker kan wees van die Here Jesus wat vir ons intree by sy en ons hemelse Vader. Hy doen dit vir ons verniet. Ons het en kan dit nie verdien nie. Vir die Here Jesus het dit wel 'n prys gekos - sy lewe. Maar ons ontvang dit verniet. Dit is wat God se genade beteken.

Daarom kan dit nie anders nie as om uit dankbaarheid God se liefde met wederliefde te beantwoord, onbaatsugtige wederliefde. Dit is liefde waarin ek God liefhet, nie ter wille van sy gawes nie, maar ter wille van Homself, want die Gewer is meer as die gawes.

Wie lyding in hierdie gesindheid verwerk, sal Job kan nasê: *"As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie?"*

As Job wat in Ou Testamentiese skemerlig reeds so 'n vertroue in sy Skepper en hemelse Vader kon hê, hoeveel te meer kan ons aan wie die volheid van God se liefde geopenbaar is, Hom nie vertrou en liefhê nie!

Sing Psalm 73:1,10,11 Dr. P.W. Bingle (Kaapstad)